# S.A. POLISIE EN SWERWER-SPEUR-DER REEKS



No. 22

## Dreigement uit die Dode


van Graan

Vyf Suid-Afrikaners spring agter die vyandelike linie uit hul brandende vliegtuig tydens die Koreaanse oorlog. Hulle bereik veilig die grond maar toe die V.V.O.-magte die vyand met 'n hewige spervuur terugdryf, verdwyn Charl Verwey en word nooit gevind nie.

Terug in Suid-Afrika stig die viermanskap 'n sindikaat om hul kapitaal—soos hulle in Korea besluit het—in waagsame ondernemings te belê. Maar dan begin die dreigtelegramme. „Julle het my agtergelaat om te sterf," lui die eerste, en dit is onderteken met die naam Charl Verwey.

Een van die viermanskap roep die hulp van sy vriend, Obed de Swardt, die Swerwer-Speurder, in om vas te stel waar die dreigemente vandaan kom. Maar dit bly nie net by dreigemente nie—en eers na geweldpleging, moord en brandstigting, word die geheim opgelos.

Stofomslag: Chris du Plooy



## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Eienaardige Vennootskap | 3 |
| 2. | Vyf Renperde | 16 |
| 3. | Die eerste slag tref | 28 |
| 4. | Markus praat sy mond verby | 39 |
| 5. | Mislukte Eetmaal | 53 |
| 6. | Moord by die stalle | 66 |
| 7. | Laaste Wanhoopsdaad | 81 |


## Hoofstuk 1

## EIENAARDIGE VENNOOTSKAP

Wim Sierveldt is 1,9 meter lank. Sy gesig is skraal, benerig en uitdrukkingloos. Hy het die gesig van 'n dobbelaar. Die grouerige oë bly stip en koel, onderwyl 'n glimlag om sy lippe speel. Hy loop effens mank toe hy opstaan en oor die gladde klipvloer van die hotel se ingangsportaal na die twee jong mans by die ingang stap. Sy kierie stamp ritmies.

Jan Wiese verduidelik vinnig aan Obed de Swardt dat Wim se linkerbeen korter as sy regterbeen is—die nadraai van sy ervarings as lid van die afdeling Suid-Afrikaanse vlieërs wat in Korea gaan veg het. Hoewel die hak van sy linkerskoen 'n paar sentimeter hoër is, verhelp dit nie heeltemal die gebrek aan die been nie.

,,Naand, Jan,'' groet Wim en kyk vraend na Obed. Sy blik is ongeërg, maar Obed voel dat hy terdeë bestudeer word. ,,Vir jou ken ek,'' gaan Wim voort, ,,hoewel ons mekaar nog nooit ontmoet het nie. Jy is mos die Swerwerspeurder, nie waar nie?''

Obed is so om en by 1,6 meter, maar hy moet effens opkyk na die spreker. Sy breë skouers en slanke, gespierde liggaam, vorm 'n skerp kontras met die ranke gestalte van Wim. 'n Rukkie rus sy diepblou oë met 'n onnutsige vonkeling op die vreemdeling voordat hy glimlaggend antwoord.

,,Ek beken skuld, mnr. Sierveldt, hoewel Jan Wiese en sy medesensasiejagters vir die naam verantwoordelik is. Ek is eintlik Obed de Swardt gedoop. . .''

,,En daarvoor hou jy natuurlik jou ouers aandadig,'' kom dit droërig van Jan wat nooit juis op sy mond geval is nie.

,,Jy het tog nie verwag dat ek op 'n ouderdom van 'n paar maande my naam self aan die dominee sou kon opgee nie?'' verneem Obed in dieselfde trant.

Asof Wim hom vir die ander twee se praatjies verveel, dwaal sy blik deur die voorportaal rond. ,,Daar is Markus en ou Swannie.

Soos gewoonlik is hulle al weer aan die stry," merk hy bedaard op.

Jan en Obed draai hulle om. By die deur kom 'n fris rooigesigkêrel in 'n geruite sportbaadjie ingestap. Hy is vergesel van 'n blonde jong man met fynbesnede gelaatstrekke. Blykbaar is albei vererg oor iets en die man met die sportbaadjie kyk sy metgesel stuurs aan. Hy gewaar Wim se rankerige gestalte, rig 'n kortaf opmerking tot die blonde jong man en kom dan vinnig op Wim af.

„Hallo, Wim," groet hy met gemaklike jovialiteit. Dan sien hy vir Jan raak en pak hom met albei hande aan die skouers beet. „Ou Janna! Hoe vaar dit, kameraad?" verneem hy amper uitgelate.

„Nie so goed soos met jou nie, luiaard," antwoord Jan laggend. „Ek werk vir my bestaan. . ."

„Jy is nie die enigste een nie," val die blonde jong man hom in die rede, onderwyl hy sy hand na Jan uitsteek. Sy stem is goed gemoduleerd en hy spreek elke woord duidelik uit, soos iemand wat 'n voordrag lewer. „Naand," groet hy en 'n glimlag speel om sy welgevormde mond.

Jan stel die twee aan Obed bekend. „Dis Swannie. Eintlik luit. Reynier Swanepoel, as 'n mens nou regtig amptelik wil raak, soos jy netnou met Wim was," sê hy en beduie na die rooigesigkêrel. „Vir Markus ken jy seker—of besoek jy nie toneelopvoerings van die beter soort nie?"

„So, dan is jy Markus Knoessen," sê-vra Obed toe hy die man herken. „Speel jy nie in Leviseur se nuwe drama nie?"

Markus knik. „Ek moet oor sowat 'n uur weer gereed wees vir vanaand se opvoering," sê hy en kyk op sy horlosie. „Het jy al die opvoering gesien?" vra hy belangstellend.

„Nog nie. . ."

„Dan het jy niks gemis nie," kom dit van Swannie. „Ek het nou net vir Markus gesê dat dit die sieklikste brouspul is wat ek nog ooit moes aanskou. En om te reken dat ons mal genoeg was om geld daarin te steek. Daardie twee grappige goed was 'n ander saak. . ."

Markus se liggaam trek saam soos 'n roofdier s'n. Obed besef dat die jong man geweldig sterk moet wees ten spyte van sy





verfynde voorkoms. Blykbaar het hy hom nie soos baie van sy mede–spelers aan 'n gemaksugtige lewe oorgegee nie. Onder sy netjiese, nousluitende baadjie roer spiere wat taai en seningrig lyk.

„Swannie!" sê hy so sag dat sy stem soos die geruis van wind deur blare klink. „Jy weet so min van toneelkuns af as van hoe om ordentlik aan te trek. As jy bang is dat jy jou geld sal verloor, sal ek jou aandeel op die daad uitkoop!"

„Moenie 'n groter gek van jouself probeer maak as wat jy ongelukkig gebore is nie!" snou Swannie hom toe. Hy praat so hard dat verskeie mense in die voorportaal vraend omkyk. Swannie is blind vir die afkeurende blikke van die omstanders en die paaiende gebaar van Jan Wiese. Wim Sierveldt kyk weg asof die hele uitval hom koud laat. „Ek het jou al dikwels gesê so iets is teen die akte van ooreenkoms. . . of wat die wetlike naam vir die ding ook al is!" sluit Swannie af met finaliteit in sy stem.

„Ons kan altyd die ooreenkoms laat hersien," kom dit opgewonde van Markus, sy stem nou minder beheers as tot dusver. Sy gesig lyk soos dié van 'n seuntjie wat tevergeefs 'n maat wil oortuig dat hy nie 'n papbroek is nie. „Ek het reeds regsadvies ingewin. . ."

„Hoe nou?" vra Wim bedaard. Daar is egter 'n subtiele waarskuwing in sy stem wat Markus ongemaklik laat bloos. Hy maak 'n beteuterde gebaar en probeer stamelend verduidelik, maar Wim val hom kalmweg in die rede. „Daardie ooreenkoms kan nie verander word nie. As 'n prokureur vir jou anders sê, wil hy net geld uit jou haal."

Markus se gesig verbleek. Byna pleitend kyk hy op in die lang man se grouerige oë. „Moenie dink ek probeer van jou ontslae raak nie, Wim. . ."

„Jy kan nie," sê Wim. Sy stem is steeds rustig, maar nogmaals hoor Obed die onderliggende krag daarin wat elke woord wat hy sê, onaanvegbaar laat klink. „Wat baat dit jou om na skuiwergate in die ooreenkoms te soek en uit te vaar asof ons jou veronreg het. Op jou eie sou jy nie so gou gekom het tot waar jy vandag staan nie.

,,"

,,'n Mens sal sweer ek is die enigste een wat daaruit voordeel trek!" val Markus hom met skielike opstandigheid in die rede. ,,In werklikheid het nog net ék aktief daartoe bygedra om ons geld te laat aangroei. Jy, Swannie en Jan het nog niks gedoen nie. . ."

,,Word jy dan nie betaal vir die paar uur wat jy saans op die verhoog staan en sanik nie?" wil Swannie heftig weet. ,,As ek my geld só maklik kan verdien, begin ek net môre ook pal werk!"

Jan bars uit van die lag. Swannie staar hom eers woedend aan, maar geleidelik verdwyn die ergerlikheid uit sy gesig en hy grinnik. Markus probeer om kil-afsydig te lyk, asof Jan en Swannie se lawwigheid onvanpas is. Sy houding is so eg teatraal dat selfs Wim se smal lippe glimlaggend trek. Vir die impulsiewe Markus is dit te veel. Met 'n gebaar van spontane uitbundigheid gooi hy albei sy arms om die frisgeboude Swannie en snik van die lag.

Obed sien Wim se geamuseerde blik op hom en hy skud sy kop glimlaggend. Wim haal sy skouers op en sug, asof hy Obed wil laat verstaan dat 'n mens nie eintlik sy maats se optrede ernstig moet opneem nie. Obed kan nie help om te wonder of daar al ooit vier vriende was wat minder in gemeen het as Jan Wiese, Reynier Swanepoel, Markus Knoessen en Wim Sierveldt.

Jan is 'n opperste terggees en tog is hy so gevoelig vir ander se leed. Agter sy masker van siniese wêreldwysheid verberg hy 'n innigheid wat dieper gaan as wat 'n mens in die algemeen van 'n gesoute koerantman sou verwag. Hy is nougeset in sy werk en 'n bedrewe verslaggewer. Soms ondersoek hy egter wekelank 'n saak en skryf dan 'n berig wat lyk asof al die werk eintlik onnodig was. In party gevalle stel hy nie eens 'n berig op nie. Dit is wanneer Jan iets raakgeloop het wat selfs vir sy praktiese lewensbeskouing te veel is. Daarna wei hy 'n week of wat met groter afkeer as ooit uit oor die mens en sy skynheiligheid.

Obed ken Jan al taamlik lank. In der waarheid is Jan Wiese een van sy min vertroude vriende. En tog voel Obed dikwels dat hy, ondanks sy ryke mensekennis, Jan nie werklik ken nie. In sy





selfopgelegde taak van vrye teenstander van misdaad en geweld, het Obed heelwat geleentheid om Jan van naderby te leer ken. Jan maak nooit misbruik van inligting wat hy by Obed bekom het nie en kan soms sy vriend van gegewens voorsien waaroor net 'n ervare joernalis beskik. Daarom sorg Obed getrou dat Jan Wiese altyd eerste die nuus kry van enige saak wat hy bevredigend afgehandel het.

Die namiddag het Jan onverwags opgedaag by Drie Gewels, Obed se imposante woonhuis in Linden, een van Johannesburg se vooraanstaande voorstede. Hulle het gesels oor ditjies en datjies en Jan het met gemaakte skok verwys na die manier waarop Obed hom skynbaar verlustig in verslae wat die gruwelikste moordsake tot in die fynste besonderhede beskryf.

,,Party mense het darem die bloeddorstigste geaardheid!" het hy konsuis afkerig opgemerk.

,,En om te dink dat party van hulle selfs hul siele sal verruil vir die voorreg om die lesende publiek van Johannesburg eerste met 'n verslag oor die nuutste voorval van sulke bloeddorstigheid te vermaak," het Obed sugtend gesê.

Jan het gegrinnik en ongenooid 'n sigaret uit die houer op Obed se lessenaar geneem. Ingedagte het sy blik gedwaal oor die rye indrukwekkende boeke in die rakke wat soveel van die muuroppervlakte in die vertrek beslaan. Sy aan sy staan die jongste verslae oor volkswelsyn en werke oor die kriminologie uit die dae van die Romeinse ryk. Studies oor sielkunde staan in gelid met dramas van Ibsen en gedigte van Dirk Opperman.

Obed se belangstelling is wyd. Sy ingebore weetgierigheid soek egter veral bevrediging in kennis oor die mens en hoe hy reageer onder wisselende omstandighede. Selfs op universiteit het hy hom in hierdie rigting toegespits. In latere jare, toe hy hom onder dwang van die hunkering na avontuur soos 'n ridder van ouds dikwels ongevraagd en meestal op eie houtjie in die stryd teen misdaad gewerp het, het hierdie kennis hom goed te pas gekom. So ook die etlike vreemde tale waarin hy hom bekwaam het.

Omdat hy nie van 'n vaste betrekking vir sy inkomste afhanklik is nie, maar 'n ruim verdienste uit verskeie goeie beleggings en 'n goed bestuurde Bosveldplaas ontvang, kan hy natuurlik 'n lewe van gemak voer. Net die gedagte aan so 'n bestaan laat hom egter koue rillings kry. Hy sal liewer vroeg en laat die noodlot uittart deur sy lewe onder die gevaarlikste skurke te waag.

Met sy bene voor hom uitgestrek, lê Obed lui-lekker in die diep leunstoel. Die rook krul om sy gesig en hy staar deur nougetrekte oë na Jan Wiese wat staan asof hy nie tot 'n besluit kan kom nie. 'n Lui glimlaggie roer Obed se beweeglike mond en laat sy diepblou kykers vonkel. Hy weet Jan het nie om dowe neute so skielik by Drie Gewels aangesig gekom nie. Daar is iets wat die man hinder. Obed verkies egter dat Jan uit eie wil en op sy eie manier met die saak voor die dag moet kom.

Die verslaggewer skud eensklaps sy peinsende houding af en gaan sit agter Obed se lessenaar. Hy vou sy arms voor hom op die blad en leun vorentoe. Die laggie wat om sy mond speel, is ietwat verleë.

,,Het ek jou al ooit van my ervarings in Korea vertel?" verneem hy uit die bloute.

Obed se een swart wenkbrou wip op. Sy oë bly egter slaperig. ,,Wanneer was jy in daardie uitlandse geweste?"

,,Tydens die Koreaans oorlog."

,,Ek het nie geweet dat daar Suid-Afrikaanse verslaggewers saam met die Tiers in Korea was nie."

,,Og, in daardie dae het ek nog in die salige waan verkeer dat 'n verslaggewer die mees romantiese figuur buite die gebied van 'n sprokiesverhaal is," antwoord Jan met 'n skamerige laggie.

,,Moenie vir my sê jy was 'n vlieënier nie!"

,,Nee, ek was nie," beken Jan, onderwyl hy Obed met ondeund vonkelende oë aankyk. ,,Die militêre owerheid wou my nie laat vlieg nie. Nie dat ek my juis altyd deur hulle laat afskrik het nie. Amptelik was ek egter net 'n lugfotograaf."

,,Daarom is jy op 'n goeie dag met 'n tamaai kamera in jou arms





en 'n valskerm op jou rug uit 'n vliegtuig geskop om agter die vyand se linies 'n paar realistiese foto's te gaan skiet vir die bevelvoerder se persoonlike plakboek," spot Obed.

Jan glimlag asof sy gedagtes ver verwyder is. Hy staar stip voor hom op die lessenaar se blad. ,,Ek was nie uit die vliegtuig geskop nie," sê hy langsaam. ,,Die vliegtuig is deur 'n lugafweerkanon uit die lug uit geskop. Daar was nie eens kans om rantsoene te gryp nie, wat praat jy nog van 'n kamera."

Outomaties neem hy die sigaret wat Obed hom uit die houer aanbied. Hy stut sy ken op sy een vuis en trek aan die sigaret. Stadig weef hy die verhaal van spanning en nood wat die bemanning van 'n Suid-Afrikaanse verkenningsvliegtuig daar ver in 'n oorlogsgeteisterde skiereiland te beurt geval het.

Daar was vyf stuks in die vliegtuig. Die loods, 'n navigator, 'n radio-operateur, 'n lid van die inligtingskorps en 'n lugfotograaf, ,,ene Jan Wiese," vertel die koerantman.

Hulle het ver agter die vyandelike hoofmag gaan draai en was aan die terugkeer toe hulle in 'n spervuur beland het. Die vliegtuig het geruk deur sy lengte en breedte en vlammend uit die bloutes neergeskiet na die oerwoud ver benede. Dit het almal aan boord geluk om uit te spring en met behulp van hul valskerms het hulle stadig na die aarde gedaal. Omdat die nag reeds met tropiese snelheid toegesak het, kon hulle uit die hande bly van die vyandelike patrollie wat hulle kom soek het.

Dae lank het die groepie vergeefs geprobeer om deur die vyand te dring. Die dood het agter elke klip en bos op hulle gewag. Nêrens kon hulle nadere inligting oor vyandelike posisies of hul eie magte inwin nie. Hulle durf niemand nader om kos of slaapplek nie. Meedoënloos het die vrees hulle voortgedryf deur onherbergsame oerwoude en tropiese moerasse.

Die vlugoffisier was luit. Reynier Swanepoel. Hy was 'n uitstekende amateurbokser en die grapmaker van die Tiers. Daar was egter 'n sadistiese streep in hom wat dikwels diegene teen wie sy poetse gemik was, sowel liggaamlike pyn as geestelike ongemak

besorg het. Nogtans het hy sy makkers probeer moed inpraat en opbeur selfs wanneer hy van blote uitputting skaars op sy voete kon bly.

Die inligtingsoffisier was 'n gelykmatige kêrel met die uithouvermoë van 'n ratel. Sy naam was Wim Sierveldt. Almal het hom geken as 'n man wat die grootste waagstukke sou uithaal net vir die opwinding wat hy kon geniet. Hy was 'n opperste dobbelaar en sou sonder aarseling geld waag op die mees ongelyke weddenskap.

Markus Knoessen was die navigator. Sy onkunde van die harde werklikheid het hom gereeld die slagoffer van Swannie se grappe gemaak. Geeneen kon vooraf sê hoe Markus hierop sou reageer nie. Soms het hy laggend Swannie se poetse verduur. Ander kere het hy soos 'n besetene die oorsaak van sy ongemak bestorm. Sy seningrige liggaam was egter nie altyd in staat om Swannie se moordadige vuishoue te absorbeer nie en moes hy met bloeiende mond en neus die aftog blaas. Ander kere sou Swannie eerste ingee en met 'n flou verskoning Markus se aanval probeer ontvlug. Markus was soos kwiksilwer. Nou was hy in die wolke en netnou kreun hy van swartgalligheid.

Dan was daar Charl Verwey, die radio-operateur. Hy en Markus het albei uit Natal gekom, maar het voorheen nooit in dieselfde kringe beweeg nie. Markus was die enigste seun van welgestelde ouers, terwyl Charl wees grootgeword het. Van jongs af moes hy sy eie potjie krap en elke sent bymekaarskraap om siel en liggaam aanmekaar te hou. Sy skoolgeld moes hy self verdien, aangedryf deur 'n ambisie wat erger aan hom geknaag het as die strafste koue of hongerpyne.

Hy wou violis word. Geld om klasse te loop was daar egter nie. Hy het 'n gewetenlose persoon wat lesse gegee het, omgepraat om hom te onderrig in ruil vir enige soort werk wat die man gedaan wou hê. Charl is so uitgebuit dat hy meesal te moeg was om veel uit 'n les te baat wanneer die man hom daarvoor laat inroep het. Hierdie swaarkry het van Charl 'n gefrustreerde, koelbloedige





wese gemaak, wantrouig teenoor almal en naywerig teenoor diegene wat die geleenthede gehad het wat hy moes ontbeer.

Eienaardig genoeg was dit 'n opmerking van die stuurse Charl wat daardie laaste bittere nag vir die groepie agter die vyandelike linies leefbaar gemaak het. Hy het wrang opgemerk dat die noodlot steeds sy mooiste planne verongeluk. By sy terugkeer in die Republiek sou hy die eerste keer in sy lewe genoeg geld gehad het om vioollesse te kon neem.

„Maar sal ek ooit daardie geld ruik?" het hy woedend gegrom. „Nee! Ek sal soos 'n weggooi-hond in hierdie stinkende rottenès van honger en ontbering omkom!"

Die ander het hulle op die oog af maar soos gewoonlik nie veel gesteur aan sy uitbarsting nie. Tog het sy woorde hulle 'n rukkie weggevoer van die onmiddellike omgewing en die dreigende gevaar waarin hulle verkeer. Allengs het hulle saggies onder mekaar begin praat. Die gedagte dat hul almal by hul terugkeer na die Republiek 'n aardige bedraggie ryker sou wees, het hul tonge losgemaak.

„As ons al ons geld bymekaarsit," het Swannie peinsend gesê, „sal daar genoeg wees om 'n goeie onderneming mee te begin."

„Wat dink jy is die kanse dat ons lewendig uit hierdie penarie sal kom?" het Wim aan Swannie gevra.

Swannie wat Wim se voorliefde vir dobbel goed ken, het effens geglimlag. „Vyf-en-twintig teen een," het hy geantwoord. „Maar ek was nog altyd gelukkig as my kanse om te wen op hul swakste lyk."

„Ek het 'n idee," het dit van Markus gekom. „Gestel ons oorleef hierdie vlug voor die vyande se koeëls uit, dan sal ons seker van die gelukkigste mense op aarde wees. Kom ons sit dan ál ons geld bymekaar en waag dit waar ons kanse om te wen so skraal is soos die hoop om ooit weer ons magte lewendig te bereik."

„Perde!" het Charl uitgeroep. „Ek weet wat perde aan 'n mens kan doen. Dink jy ek gaan die eerste klompie geld wat ek ooit besit het, vir 'n beroepswedder gee?"